

Hoofstuk van die dag: Psalm 121

> *Hy sal jou beskerm waar jy ook gaan, nou en vir altyd. (vers 8)*

Pelgrimsreise was nie eenvoudig nie. Die mense het te voet gereis, en die pad was dikwels baie gevaarlik. Dink maar aan

die gelykenis van die barmhartige Samaritaan (Luk 10:30-35). En nou staan die pelgrim in die tempel. Die fees is verby; hy moet terug huis toe. Hy huiwer, want die lang pad voor hom is vol gevare. Dan praat hy homself moed in. Die Here sal hom help. Hy, die Skepper van hemel en aarde, het tog die berge ook gemaak (vers 2).
'n Priester hoor dit, en hy kom seën hom op sy pad (vres 3-8): Die Here sal nie toelaat dat jy struikel nie. Onthou, Hy wat jou beskerm, slaap nooit nie. Hý sal jou op jou pad beskerm.
Ons is natuurlik ook pelgrims. En ons pelgrimsreis neem ons op baie kronkelpaadjies deur die lewe. En die heerlike belofte van hierdie psalm is dat ons nie alleen is op ons reis nie; dat God by ons is om ons te beskerm en te bewaar; dat Hy elke oomblik van elke dag by ons is; dat Hy nooit sy waaksaamheid 'n sekonde lank verslap nie.
Ons is nie alleen nie. Ons kan in God rus.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026